Verwysing: 20210419-2341
Lêerno.: 13/1/1
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuurminuut: 0005/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Vertraging met die vrystelling van graad 10-12 se optekenings- en verslagdoeningsinstrument

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het twee omsendbriewe van die Departement van Basiese Onderwys (DBE) ontvang: Omsendbrief E7 van 2021 met 16 April 2021 as datum, en Omsendbrief S8 van 2021 met 14 April 2021 as datum.

2. DBO se Omsendbrief S8 of 2021 verwys na die vrystelling van graad 10-12 se hersiene vakgewigbepaling vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO).

3. Die WKOD het agtergekom dat daar uitdagings met DBO se Omsendbrief S8 van 2021 is en wag op 'n gewysigde omsendbrief van die DBO.

4. Die WKOD stel gevolglik die vrystelling van die optekenings- en verslagdoeningsinstrument vir die VOO-band uit totdat 'n gewysigde omsendbrief van die DBO ontvang is.

5. Die WKOD versoek dat skole Kwartaal 1 se verslagdoening oor leerderprestasie vir graad 10-12 tot Kwartaal 2 uitstel.

6. Prinsipale en onderwysdistriksamptenare word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2021-04-29